

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

ds. PJ Kriel

09.04.2017

Inhoud. Hierdie preek wys dat die Here Jesus alleen die volmag het om sy lewe as offer vir sonde af te lê en die volmag het om weer uit die dood op te staan om sy lewe as mens met sy kerk vandag te deel. Die Here skep en gee ons die ewige lewe: 'n lewe waarin ons vir ewig binne die liefde van God bly al het ons nie werklike liefde nie. Die Here het sy lewe as offer afgelê sodat ons met Hom die ewige lewe kan leef. Die wêreldse geestelikheid wys in die eimagtigheid waarmee Petrus die Here teengaan om self sy eie ewe vir die Here te wil aflê. Geestelikheid wil God bemagtig om Here te wees deur die ewige lewe weg te gee, op te gee en oor te gee sodat God sy goddelike lewe deur mense maar moet kom leef omdat hulle op die ewige lewe opgegee het. Gelowiges lê nie hulle lewe vir God af soos Jesus nie maar leef die ewige lewe saam met die Here.

Liturgie 1. Lied 199 verse 2. 396 4 verse

Skriflesing Johannes 10: 10 – 17; 13: 31 – 38; 20: 31; 1 Joh. 4 verse 17 -19 en 5: 11, 12.

Teks Joh. 10 vers 18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van die Vader ontvang het." en 13: 38 "Sal jy jou lewe vir My aflê? vra Jesus. Dit verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën."

Tema Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

1. Wie lê wie se lewe vir wie af?

Is dit die Here wat sy lewe vir ons af lê sodat ons kan leef of is dit ons wat ons lewe aflê om God te bemagtig, groot te maak en te verheerlik? Die Here lê sy lewe af vir ons, nie ons vir Hom nie. Dit is hoe die Here Jesus die heilsplan van God openbaring en ontplooi. Dit is die werke van die Here wat ons met Paasfees erken en glo die herder lê sy lewe vir sy skape af. Dit is nie die skape wat hulle lewe aflê vir die Herder nie.

Ons vier eerskomende naweek Paasfees.

Die woord Paasfees vat die hele innerlike teenstrydigheid van wat met Paasfees gebeur op – ons vier die fees van die lyding en sterwe en opstanding van Christus. Wie vier die dood en begrafnis van 'n persoon as 'n fees? Sou ons net die dood en begrafnis van die Here herdenk het, dan sou dit 'n roudiens gewees het. Maar nou is dit 'n fees want ons vier die dood én opstanding van die Here.

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Hierdie lyding en opstanding van Christus noem die Here in ons teksvers “sy opdrag” van die Vader. Dit is sy opdrag as Messias en Here om sy lewe af te lê en na Hy sy lewe af gelê het om weer uit die dood as mens lewend op te staan uit die dood. Sy opdrag is om sy lewe as offer af te lê vir sy skape maar dan moet Hy weer, na Hy sy lewe as offer afgelê het, sy lewe opneem om Herder vir sy skape te wees. Hy moet weer leef en sy lewe deel en saam leef met ons.

Petrus het as die Here se dissipel nie geglo in die Here se opdrag van die Vader nie. Die rede vir hierdie ongeloof wys in sy geloofsverklaring oor hoe hy Jesus wil volg, dit is hoe hy ’n volgeling van Jesus wil wees. Hy volg Jesus op so manier dat hy sy lewe vir Jesus wil aflê.

Dit is die botsing tussen Jesus en sy dissipels op Paasnaweek: Hy voer sy opdrag uit om sy lewe vir hulle af te lê en weer op te neem, terwyl hulle hul lewe vir Hom wil aflê. Hulle wil sy opdrag vir en namens Hom uitvoer en Hom keer om sy opdrag uit te voer.

Dit is die kontras, teenstelling en konflik in die aankondiging van die Here dat Hy sy lewe vir sy dissipels aflê en hulle in Petrus as hulle segsman weier om te aanvaar dat Hy dit moet doen en eerder hulle lewe vir Hom wil aflê.

Wie lê wie se lewe vir wie af!

2. Petrus se verklaring van voorneme om sy lewe vir die Here af te lê is ook ’n geloofsverklaring. In hierdie voorneme wys hy wat hy in sy hart geglo het wat die Here Jesus van hom verwag het.

Hy het geglo dat die Here dit van hom verwag om sy lewe vir die Here af te lê. Petrus het geglo dat die Here Jesus sy lewe as offer eis. Hy moet bereid wees om sy lewe vir die Here op te offer.

Wat sou Petrus met hierdie self offer en selfopoffering regkry?

Dit wys in die Here se verduideliking in hoofstuk 13 verse 31. Die Here het sy lyding, sterwe en opstanding uit die dood die hele tyd openbaar as die wyse waarop Hy as Seun van die Vader verheerlik en die wyse waarop die Vader Jesus as sy enigste Seun verheerlik.

Wat wou Petrus met die aflê en opoffer van sy lewe vir die Here Jesus bewerk? Hy wou die Here verheerlik het deur sy lewe vir die Here af te lê as opoffering vir die Here terwyl hy nie geglo het in die Vader se verheerliking van Jesus nie.

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Wat moet die Here kry uit hierdie opoffering van Petrus se lewe vir die Here? Die antwoord in Petrus en elke dissipel se gemoed was – mag!

Hulle wou die Here bemagtig as geestelike en godsdienstige leier deur hulle lewe vir Hom af te lê. Op hierdie wyse sou hulle die Here verheerlik! Hulle aflegging van hulle lewe sou Hom Here maak. Hulle opoffering van hulle lewe ter wille van sy geestelike mag sou Hom koning van hulle lewe, hulle land en die hele wêreld maak. Met hulle opoffering wou hulle Hom groot maak, sy Naam verheerlik en sy koninkryk vir Hom oprig en uitbrei. Dit was die Joodse Messias geloof.

3. Die Here stel die ongeloof in wie Hy is en wat Hy as Here doen aan die orde met hierdie vraag: sal jý jou lewe vir Mý aflê?

U moet die aksente reg hoor in hierdie vraag! Sal jý jou lewe vir Mý aflê?

Hierdie vraag wys die totale ironie uit van wat die Here openbaar en wat die dissipels hoor. Die Here verklaar Hy gaan sy lewe aflê en dan stel die dissipels hulle teenoor die Here se openbaring van Christus en verklaar dat Hy dit nie kan of mag doen nie, want hulle gaan hulle lewe vir Hom af lê

Die Here verklaar dat Hy sy lewe sal aflê omdat dit sy opdrag is. In plaas daarvan dat Petrus glo waarin die Here doen, wil Hy die opdrag wat die Here gekry het oorneem en self uitvoer.

Teenoor die Here se volmag kondig hy sy eiemagtigheid aan. Daarmee wys Petrus en met hom die dissipels ook dat hulle glo dat hulle die volmag het om hulle lewe vir Here af te lê. Net na die Here gestel het Hy, met die duidelike aanwysing, net Hy, het die volmag om sy lewe af te lê en weer op te neem, verklaar Petrus met mag dat hy ook die volmag het om sy lewe vir die Here af te lê.

Hy glo hy het die volmag om die Here te volg deur sy lewe vir die Here af te lê! Deur hierdie volmag oor sy eie lewe uit te oefen doen hy dan die vreemdste ding en noem hierdie eiemagtigheid “om die Here te volg”.

4. Wat ons regtig wys dat Petrus-hulle nie gehoor het wat die Here aan hulle openbaar het nie, is dat Petrus die verklaring maak “Ek sal my lewe vir U aflê” om te wys dat Hy die Here se volgeling is en net met hierdie gedeelte van die Here se opdrag van die Vader as sy eie opdrag volstaan.

Die Here stel dat dit sy opdrag van die Vader is om sy lewe af te lê en weer op te neem. Petrus stel dat Hy die Here nou wil volg as sy volgeling, maar hy wil die Herre net halfpad volg. Hy wil nie nes die Here verklaar dat hy sy lewe sal aflê en weer sal

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

opneem nie. Hy wil net sy lewe aflê, nie weer opneem soos die Here se opdrag is nie.

Dit wys ons dat Petrus van die Vader se opdrag aan Jesus iets anders maak wanneer hy maak asof Jesus se opdrag sy eie opdrag is. Die Here se opdrag is om sy lewe af te lê en weer op te neem. Dit is tog wat ons met Paasfees vier. Paasfees is nie net Goeie Vrydag nie. Dit is Goeie Vrydag, Saterdag en Opstanding Sondag. Dit is hoe die Here die Vader se opdrag uitgevoer het: Hy het sy lewe as offer af gelê op Vrydag met die volmag om 'n offer vir sonde te wees en Hy het op Sondag oggend met die volmag wat Hy as Here het weer lewend opgestaan uit die graf om mens te wees na liggaam, siel en gees terwyl Hy Saterdag dood was.

Petrus is bereid om die Here se volgeling te wees deur die opdrag van die Here sy eie te maak, maar net die een helfte van die Here se opdrag. Hy is nie bereid om die tweede helfte van die Here opdrag sy eie te maak nie – om weer sy lewe op te neem nie.

5. So? Wat moet gebeur as Petrus dan sy lewe vir die Here afgelê het?

Dan moet die Here sonder Hom aangaan.

Aangaan waarmee? Die mag waarmee Petrus die Here bemagtig deur sy lewe vir Hom af te lê. Die Here moet met sy grootheid, sy verheerlikde Naam en sy goddelike krag wat Hy deur die dissipels se opoffering ontvang het, sonder hulle aangaan. Die Here moet met al die geestelike mag waarmee Petrus Hom verheerlik deur sy lewe vir Hom af te lê sonder Petrus aangaan.

Dit is die dinamika van alle geestelike offers wat mense vir God bring – ons offer wat ons self is en moet wees vir jou op sodat God bemagtig is om Here te wees, groot te wees en om goddelik te wees.

Opgeoffer sodat my geestelike leier met goddelike mag en goddelike krag kan voortgaan – sonder my wat myself vir Hom opgeoffer het.

Dit is totaal net die teenoorgestelde wat die Here is en doen. Die Here het nie sy lewe af gelê om ons met God se krag en mag te bemagtig nie. Hy het sy lewe as offer afgelê om weer op te neem om met ons te deel.

Die Here lê nie sy lewe af as voorbeeld hoe ons saam met Hom moet deel in die opdrag om jou lewe vir die Vader af te lê nie. Hy wys nie as Herder wat die skape moet doen nie. Hy lê sy lewe af om dit op te neem, weer mens te wees om sy lewe wat Hy leef met ons te deel. Hy lê sy lewe af om vir ons die goeie Herder met ons te wees.

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Hy lê sy lewe af om as Herder met ons die ewige lewe te leef. 'n Lewe te leef met Hom vir ewig. Hierdie lewe gee Hy aan ons as 'n gawe om te leef, nie om af te lê nie.

6. Die apostel Johannes sluit sy evangelie en sy eerste brief af met dieselfde aankondiging oor die gawe van die ewige lewe.

In die evangelie stel hy: “³¹ Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.” en in sy eerste brief: “¹³ Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.”

Wat is hierdie gawe van lewe in sy Naam en ewige lewe?

Dit is nie 'n geestelike lewe anders as die lewe wat die Here ons gegee het toe Hy ons gemaak het of op 'n lewe op 'n ander plek as wat ons nou is nie. So asof ons eers op daardie ander plek daardie ewige lewe kan kry.

Daarom moet u goed kyk na die wisselterm “sodat julle die lewe in sy Naam kan hê” en “ewige lewe”. Johannes beskryf hierdie lewe as 'n lewe in die liefde van God. Om in gesluit te wees en ingesluit te bly binne God ons Skepper se liefde. Dit is 'n lewe waarin ons nooit weer enige vrees vir enige oordeel van God oor enige sonde het of oor enige liefde wat ons het wat nie volkome is nie.

Want Jesus het sy lewe afgelê om die veroordeelde te wees in my plek sodat ek nooit weer vir my gebrekkige liefde veroordeel sal word nie. Daarom is dit 'n lewe waarin ons God en ons naaste vreesloos kan liefhê. Vreesloos dat ons verwerp, veroordeel of gestraf sal word vir ons liefde wat nie reg en volkome is nie.

Hy stel dit in sy brief so: “¹⁷ Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. ¹⁸ Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want wie vrees het nie volmaakte liefde nie. ¹⁹ Ons het liefde omdat God ons eerste liefgehad het.”

7. Die ewige lewe of lewe in die Naam van Jesus klink só: “Ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld leef ons reeds deur die liefde net soos Jesus.”

Ons lewe die ewige lewe reeds hier waar ons in hierdie wêreld leef deur die liefde net soos Jesus. Bedoelende deur die liefde van die Vader wat Jesus in deel, deel ons ook. Dit beteken nie dat ons net soos Jesus lief het nie.

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Geen vrees in hierdie lewe, wat ek nou hier leef, vir oordeel oor my liefde vir God nie. Want Hy het my eerste lief met 'n liefde waarin Hy my oordeel gedra het deur sy lewe vir my af te lê. Geen vrees in hierdie lewe, wat ek nou hier leef, vir enige oordeel van God oor my liefde nie, want die Here het sy lewe opgeneem om weer met my te deel – ek deel in die liefde wat die Here van die Vader ontvang omdat ek ingesluit is in wie die Here vandag vir my is.

Dit is die ewige lewe: om altyd God se eerste liefde te ontvang en daarin te bly, sy liefde waarin Hy my bekleed met die liefde wat die Here het omdat Hy vandag die mens is wat daardie liefde leef.

Vir ewig in God se oordeellose liefde – is die ewige lewe. Vir ewig elke keer herskep om weer lief te hê uit God se eerste liefde – dit is die ewige lewe. Die ewige lewe is om met die Here te leef in 'n oordeellose liefde wat nooit sal ophou nie, ook nie wanneer ons sterf nie. Hy sal ons weer net soos Hy opgestaan het om altyd mens in sy Vader se liefde te wees, laat opstaan om vir altyd in hierdie oordeellose liefde met die Here te leef.

8. Wat is ons opdrag van die Here, die Here wat sy lewe in die oordeel van God af gelê het en weer binne die liefde van God opgeneem het?

Moet ons die lewe in die liefde van God, sy oordeellose liefde, aflê of moet ons dit leef? Moet ons die ewige lewe wat die Here vir ons gee, aflê of moet ons die ewige lewe leef? Moet ons hierdie gawe van God om ons in hierdie lewe te laat deel leef of moet ons hierdie gawe wat die Here aan ons gee aflê?

Kan u nou hoor hoe uit plek, hoe ongelowig, hoe eïemagtig Petrus se teenverklaring teen die Here se verklaring oor sy opdrag as Messias is: ons sal jou nou volg deur jou ons lewe vir U af te lê. “Ons sal net soos u u opdrag uitvoer, ook daardie selfde opdrag saam met u uitvoer: ons sal ons lewe vir u aflê om u te bemagtig en as Here te verheerlik!”

Jy kan nie saam met die Here die ewige lewe leef, deur die ewige lewe wat die Here jou laat leef, af te lê nie.

Hoe lê jy die lewe af waarin die Here jou in sy oordeellose liefde insluit en jou liefde vir Hom vir homself goed en reg maak?

Jy mag nie die ewige lewe in Here se liefde met die Here aflê nie. Jy moet hierdie lewe met die Here leef.

9. Hoe leef jy hierdie ewige lewe binne die oordeellose liefde van God?

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Deur sy gawe te glo en jou opdrag van die Here te gehoorsaam. Nie deur sy gawe af te lê en sy opdrag wat Hy van die Vader ontvang het, jou eie opdrag te maak nie!

Kyk weer na die verskil in die twee opdragte! Die Here se opdrag van die Vader is om sy lewe af te lê en weer op te neem. Die Here se opdrag aan ons is die nuwe gebod: “Ek gee julle ’n nuwe gebod. Julle moet mekaar liefhê. Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê. As julle mekaar liefhet sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Hoe verskil hierdie dissipelskap van mekaar: “Ek wil nou my lewe vir u aflê” soos Petrus ’n volgeling wou wees teenoor “Ek sal liefhê volgens die liefde wat ek van die Here ontvang”, soos wat die Here ons beveel om die ewige lewe te leef?

Om jou lewe vir God af te lê om God koning te maak, as Here te verheerlik, as God groot te maak of om God te bemagtig, is hoe mense buite die eerste liefde van God wil leef en die eis om mekaar lief te hê volgens die liefde wat ons van die Here ontvang, te vermy. Om jou self en jou lewe vir God af te lê – is hoe jy die liefdeseis van Christus ontduik.

Dit is hoe jy die ewige lewe verruil vir ’n selfopgemaakte geestelike lewe wat totaal iets anders is as die ewige lewe wat die Here as gawe aan ons gee.

10. Kom ons kyk hoe ons vandag voor hierdie aanslag op die kerk staan: om nie die ewige lewe met die Here te leef nie, maar om dit te verruil vir ’n selfopgemaakte geestelike lewe.

Die Here se opdrag wat Hy uitvoer stel aan ons ’n eis: ons moet in die liefde bly waarin Hy ons insluit. Die wyse waarop ons in hierdie liefde van Hom bly is om te glo in sy liefde. Dit stel die apostel so: ¹⁵Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. ¹⁶En ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin.” (1 Joh. 4)

Die eis wat die opdrag van Christus aan ons stel is om liefde te gee.

Ons mag nooit hierdie 2 opdragte verdraai nie. Ons het die ewige lewe van Christus ontvang om te leef, nie om op te gee nie. Ons kan en mag nie die lewe in die liefde van God opgee as ’n offer nie.

Dit is die verdraaiing van liefde waarmee ons vandag al meer en meer in die kerk gekonfronteer word: mense wil nie meer liefde volgens God se wet gee nie. Hulle wil die volmag hê om hul lewe af te lê sodat hulle hierdie geestelikheid met God kan opmaak: God sal sy lewe deur hulle kom leef.

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Dit is presies wat Petrus in sy ongeloof gedoen het – ek lê my eie lewe af en dan moet God maar sy lewe deur die lewe wat ek vir Hom afgelê het verder leef. Want ek gaan nie self weer opstaan na ek my eie lewe af gelê het nie.

Hulle wil die volmag hê om die tipe liefde wat die Here as opdrag gehad het, uit te voer, maar altyd net die halwe opdrag: aflê en dan moet God oorneem en opstaan en sy goddelike lewe in my kom leef. Ek staan nie weer self op na ek myself afgelê het nie.

11. Dit is hierdie geestelike mag wat voorgehou word as alternatief op die liefde volgens die liefde wat ons van die Here ontvang:

- Jy moet jouself oorgee aan God
- Jy moet die beheer van jou lewe weggee
- Jy moet self niks meer wil wees nie
- Jy moet jou eie ek kruisig en in jou self dood wees vir jouself

en wanneer jy jouself so aan God opgeoffer het om niks meer te wees nie, dan moet jy glo dat God sy lewe deur jou sal leef:

- Jy sal dan ervaar dat die lewe van God in jou sal opstaan
- Jy sal dan ervaar dat God se krag van jou besit neem.
- Jy moet dan opstaan en met die lewe en krag van God gaan leef.

Wat vier ons wanneer ons Paasfees op hierdie geestelike wyse wil vier, die herdenking van die Here wat alleen die opdrag en volmag het om sy lewe af te lê en op te neem sodat Hy vir ons ewig binne sy oordeellose liefde laat leef

of

vier ons die fees van ons eie magtigheid om net soos Jesus ons lewe af te lê, maar dan die res van die opdrag vir God te los: ek lê alles af en nou moet jy binne my kom leef?

Is Paasfees die fees van die ewige lewe: 'n lewe binne en deel van God se oordeellose liefde of is dit die fees van God se goddelike krag en mag in en deur mense?

Mense wil hierdie fees die fees maak waar ons ons lewe weggee, opgee, oorgee en afgee sodat God maar eerder my lewe met sy krag en mag binne my moet kom leef.

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

12. Dit is hoe mense die eis om in God se oordeellose lief te leef deur lief te hê volgens die eerste liefde wat jy ontvang ontduik en vermy – deur hulle self op te offer vir enige iemand en enige iets.

Met hierdie geestelike eiemagtigheid word die ewige lewe vermy:

- Jy moet soos Jesus wees, net soos Petrus soos Jesus wou wees!
- Jy moet in jouself niks meer vir God wees nie, soos Jesus niks aan die kruis geword het.
- Jy moet jouself oorgee aan God soos Jesus Homself in die dood oorgegee het en jy moet jouself sterf soos Jesus gesterf het.
- Jy moet die beheer van jou lewe oorgee soos Jesus Homself aan die oordeel van God aan die Romeine en Jode oorgegee het.
- Dan moet jy net wag dat God sy lewe in jou kom leef.
- Na jy jouself gedood, gekruisig het en niks gemaak het soos Jesus, dan moet niks wees sodat God alles deur jou kan wees. Jy moet God bemagtig.

Met volmag en eiematigheid maak wil ons die ewige lewe met die Here wat ons Herder is weggee, opgee, oorgee en afgee en dan moet god maar sy lewe deur my lewe wat so mislik is dat ek dit opgee het, kom leef.

13. Gelowiges wil nie Jesus vandag volg deur vandag hulle lewe vir God af te lê nie. Hulle leef die ewige lewe vandag!

Ek wil niks van myself opgee, weggee, aflê, opoffer nie. Ek wil in hoe ek as mens deur God geskep is vir God en my naaste niks wees, gekruisig wees of afwesig wees nie.

Ek wil nie God deur my laat leef terwyl ek niks is en God alles wat menslik in my verdring nie.

Ek wil die gawe van die ewige lewe as mens saam met die Here leef! Ek wil in sy eerste liefde bly en leef. Ek wil deur hierdie eerste liefde weer kan liefhê in die sekerheid dat ek geen vrees vir enige oordeel oor my halwe, gebrekkige en misplaasde liefde van God sal ontvang nie.

Ek wil my broers en susters se liefde aanvaar binne die oordeellose liefde waarin God hulle insluit en hulle gebroke liefde ontvang liefde aanvaar soos God my liefde vir Hom aanvaar.

Ek wil die ewige lewe met die Here leef – sonder om myself vir Hom af lê en so vir Hom en sy liefde afwesig te word! Ek wil vandag met Hom in sy liefde vir my leef!

Christus lê sý lewe af om vir ewig met ons te leef.

Want dit is waarvoor Hy sy lewe afgelê en weer opgeneem het – sodat ek met Hom die ewige lewe kan leef! Ek wil nie vir my 'n geestelikheid opgaan waarin ek myself verewig deur te maak asof ek my lewe afgelê het om God groot en magtig te maak nie.

14. Hoekom staan ons voor hierdie versoeking om ons ewige lewe in die liefde van God af te lê vir die mag van 'n wêreldse geestelike lewe?

Dit is eenvoudig!

Want 'n lewe in God se liefde met die eis tot oordeellose liefde vir mekaar stel ons voor die diepste gesukkel met ons eie lewe. Dit is juis in God se liefde wat ons ons eie liefde as 'n liefde ontdek wat nie werklike liefde is nie, soos die apostel dit stel in 1 Joh. 4: 10. Wanneer ons in die geloof in sy liefde bly, ontdek ons altyd ons liefde as liefde met misplaasde bedoelings, ydele bedoelings, liefde wat te kort skiet, liefde wat gebrekkig is en haat wat as liefde verhul word. In sy liefde moet ons leer om altyd binne sy eerste liefde te bly!

Dit stel ons ook voor 'n eis met ons gesukkel met die lewe saam met ander mense wie se liefde nie werklike liefde is nie. Want die Here stel die eis om hulle nie vir hierdie liefde wat nie werklike liefde is nie, nie te veroordeel nie.

Omdat ons nie hierdie gesukkel van die ewige lewe, 'n lewe binne God se oordeellose liefde wil aanvaar nie, is dit vir ons makliker om ons lewe op te gee, weg te gee en oor te gee aan God. Dan moet Hy maar deur sy krag en mag en lewe deur ons kom lewe, want ons is moeg gesukkel met sy ewige lewe.

So verruil ons die ewige lewe in sy liefde vir oorgawe van ons lewe aan god wat die lewe wat Hy gegee het maar eerder self deur ons moet kom leef.

15. Kom ons vier Paasfees as die herdenking van die werk waardeur die Here sy lewe afgelê en opgeneem het om vir ons die ewige lewe in sy liefde as gawe te gee. Kom ons herdenk dit as die werk waardeur die Here vir ons weer vreeslose liefde moontlik gemaak het.

Kom ons breek met die geestelikheid van hierdie wêreld dat Paasfees die fees is waarin ons ons lewe vir God aflê sodat God met die mag wat ons Hom mee beklee sonder ons verder moet aangaan met sy mag.

Kom ons neem die juk van die ewige lewe op om te sukkel met ons liefde wat nie werklike liefde is nie omdat ons binne God se eerste liefde leef. Kom ons leef die ewige lewe saam met die Herder wat sy lewe vir ons af gelê het om ewig met ons te wees.